[7]

000016

18 Februarie 1992

# BOERVOLK


Nasionale Sekretariaat Faks: 011/482-2025
Posbus 31694 ········ BRAAMFONTEIN ········ 2017

Openbare Skakelkantoor ················ 011/482-2024


Vir Aandag: Dr S S van der Merwe.

Geagte dr Van der Merwe,

Ons aanvaar u verskoning. Om die waarheid te sê ons Boervolk het hope tyd want ons bestaan al sedert 16 Desember 1838 toe JAHWEH Almagtig, die enigste lewende God, die geboorte van ons volk met `n wonderwerk geseën en verseel het en ons moes wag tot 1852 voordat ons bestaan as `n onafhanklike volk uiteindelik deur die Britse Ryk erken is met die ondertekening van die Sandrivier-konvensie.

Ons verneem met groot blymoedigheid van u voorneme om `n stel riglyne te ontwikkel waarvolgens huidige aansoeke oorweeg kan word. Dit is waarlik `n wyse besluit waartoe u uiteindelik gekom het. Enige saak wat `n mens ordelik wil aanvoer moet volgens vooraf vasgestelde riglyne geskied.

Ons verwonder ons net hoedat CODESA hoegenaamd beslag gekry het sonder die riglyne wat u nou eers na drie maande poog om saam te stel.

Maar soos ons met ons aanhef aandui, is ons Volk nie sonder geduld nie. Ontwikkel dus maar rustig, in die beste Afrikaanse tradisie[1], aan u voorgenome riglyne en sodra u die riglyne tot u bevrediging ontwikkel het, sal ons bly wees om van u te verneem wat u riglyne behels.

Dan sal ons dalk ook beter in staat wees om te bepaal of daar nog enigsins sin in deelname deur ons sal wees nadat ons ons volksgenote geraadpleeg het. U sal onthou dat die Volksverteenwoordigers tydens die vredesonderhandelinge te Vereeniging in 1902 eers die Volk moes raadpleeg voordat hulle die verdrag met voorbehoud kon aanvaar.

En terwyl u nou terug is by die bepaling van riglyne wil ons u daaraan herinner dat klousule 7 van die verdrag van Vereeniging nog nie nagekom is nie en u kan met vrug weer dié klousule lees met die daaropvolgende klousule 8. In 1919 het Generaal Hertzog die nakoming van die belofte van klousule 7 van die Britse regering gaan eis waarop hulle hom daarop attent gemaak het dat alle uitstaande verpligtinge oorgegaan het op die Unie-regering.

Ons wil u nou daarop attent maak, dat die verpligtinge ten opsigte van hierdie verdrag nog steeds uitstaande is en berus by die regering van die dag om na te kom. En as u nie kan sien hoe dit moontlik gaan wees nie vra maar net, ons sal bly wees om u van raad te bedien.

In rustige afwagting die uwe,

(namens die Nasionale Sekretariaat)

---

1. Waarmee ons bedoel "tradisie van Afrika"